

KINDERKERK LES: Paasfees

Doel van les:

Vandag gaan ons gesels oor hoe sonde ons skei van God en hoe Jesus ons weer met God versoen.

YSBREKER 1: Tee sakkie gooi: Gee vir elke groep 'n teesakkie en koppie. Laat kinders in 'n ry staan staan met die teesakkie en sit die koppie so tien tree van hulle af. Gee elke kind 'n kans om teesakkie te probeer in die koppie gooi, dit gaan uithaal en vir kind agter hulle te gee. Sodra almal beurt gehad het moet hulle gaan sit om te sien wie is eerste klaar.

YSBREKER 2: Tee raai: Hou 'n houer op met teesakkies in. Laat kinders raai hoeveel teesakkies daarin is.

YSBREKER 3: Tee drink: Gee vir elke kind 'n glasie met tee. Vra die volgende vragies en kinders moet slukkies van tee vat as dit op hulle van toepassing is. Soos kinders se glasies leeg raak, kan hulle net gaan sit. Belangrik om vir hulle te sê hulle moet net klein slukkies neem.

Vragies:

- Drink 'n klein slukkies tee as jy van sjokolade hou;
- Blou ogies het;
- As jy 'n langbroek aan het;
- 'n Sussie het;
- As jou verjaarsdag in Maart is;
- Jy pienk aanhet;
- Jy bruin hare het;
- Jy 'n kortmou hempie aanhet;
- Jy glimlag;
- Jy hou van somer;
- Jy hou van movies;
- Jy lang hare het;
- Jy 'n seuntjie is;
- Jy 'n meisie is.

Sê: Wie van julle weet van die spesiale naweek wat ons vier hierdie tyd van die jaar? Ons noem dit Paasfees. Wie van julle weet wat met Paasfees gebeur het? (Jesus het aan die kruis gesterf en opgestaan uit die graf na drie dae.)

Illustrasie: Die Evangelie volgens 'n teesakkie: (Vir die illustrasie het jy 'n teesakkie vir elke groep nodig wat die toutjie en tag aanhet, 'n piering, glas met warm water en vuurhoutjies.) Gee vir elke groepie 'n teesakkie wat die "tag" met toutjie het. Hulle gaan soos jy die les doen, die sakkie uitmekaarhaal en dit saam met jou doen.

Die tag: Die tag vertel ons watter soort tee ons gekoop het. Jesus het ook heelwat tags gehad toe Hy op aarde was. Hy is Christus genoem, Koning, die Goeie Herder, Seun van God, Verlosser ens. Op die kruis het hulle 'n groot tag bokant Sy kop gehang met die woorde Koning van die Jode op.

Die toutjie: Haal die toutjie af. Mense raak baie keer gebind aan geld, klere, mooi karre en mooi huise. Hulle vergeet dat God 'n plan het vir ons lewens en dit nie is om te kyk hoeveel goed ons kan bymeekaarmaak en hoe ryk ons kan wees nie. Jesus was nie bekommerd oor aardse dinge nie. Vir Hom was die belangrikste om te doen wat God die Vader wil hê. Hy het aarde toe gekom en gesterf aan die kruis vir ons.

Die krammetjie/staple: Haal versigtig die krammetjie/staple uit. Verduidelik dat daar gaatjies in die teesakkie gedruk is en dat die gaatjies daar is as gevolg van die staple. Jesus is nie aan die kruis gehang met staples nie, maar met baie groot spykers. In Sy sy het hulle 'n gaat gesteek met 'n spies. Alles vir ons.

Die tee: Maak die teesakkie versigtig oop. Gooi die teeblare op jou hand uit en wys vir die kinders. Die tee lyk soos vuiles. Sit glas met warm water neer op tafel. As ek nou die tee in die water gooi, sal die water nie mooi skoon wees nie. Dit sal die kleur van die tee word. Demonstreer deur van die tee in die glas warm water te gooi en dit te roer. Soos die tee, is ons almal met vuiles in ons lewens gebore. Die Bybel noem hierdie vuiles sonde. Ons het God nodig in ons lewens om hierdie sonde weg te vat. Dis was Jesus kom doen het - Hy het aan die kruis gesterf om die sondes weg te was met Sy bloed. Ons moet Jesus vra om hierdie sondes weg te neem. Om ons te vergewe vir ons sondes. Hy sal ons dan weer skoon maak soos die water was voor die tee ingegooi is.

Die teesakkie: Maak die teesakkie nou heeltemal oop en laat dit regop staan op piering op die tafel. Dit gaan oopmaak soos 'n silinder. Wanneer Jesus al die sondes wegvat uit ons lewens, kan ons regop en trots staan. Ons sal dan ons liggies skyn vir Jesus in die wêreld. Soos ons dan skyn vir Jesus, sal ander ons kom vra hoekom ons so anders lyk. Ons sal hulle van Jesus kan vertel.

Vuurhoutjies en teesakkie: Haal vuurhoutjie uit, maar moet nog nie teesakkie aan die brand steek nie. Jesus het aan die kruis vir ons gesterf vir ons sondes, is begrawe en het na drie opgestaan uit die graf. Hy het vir 40 dae op die aarde aan verskillende mense verskyn en toe het Hy opgevaar hemel toe om by God die Vader te wees. (Steek teesakkie van bo af aan die brand). As ons doen wat Jesus sê en elke dag vir Hom leef, sal ons ook eendag saam met Hom in die hemel bly. (Die teesakkie sal opstyg soos dit brand.)

Dis die storie van Paasfees. Jesus was nie bekommerd oor aardse dinge nie, maar om te doen wat Sy Vader wil hê. God het geweet dat ons vol sonde is en ons nie self kan skoon kom nie. Jesus is aan die kruis gehang vir daardie sondes en so vat Hy al daai vuil uit ons lewens as ons vir Hom vra. Dan kan ons Sy liggie wees en net soos Hy opgevaar het hemel toe, sal ons ook eendag by Hom in die hemel wees.

Sluit af met gebed.